

DRIE ONSUKSESVOLLE POGINGS OM GOD OMVER TE GOOI

deur Tony Alamo

Pla dit jou nie dat Satan die hele wêreld om die bos gelei het nie? Hy het by drie geleenthede openlik probeer om GOD en die Koninkryk van GOD te vervang. Twee van sy pogings het klaaglik misluk en die derde poging wat hy in hierdie einste uur probeer, sal ook binnekort misluk.

Satan se eerste poging om GOD omver te gooi, was in die Tuin van Eden, toe Satan vir Eva gevra het: "Is dit ook so dat GOD gesê het?" ("Hath GOD said?") Genesis 3:1-3 lui: "Maar die slang [Satan] was listiger as al die diere van die veld wat die HERE gemaak het. En hy sê vir die vrou: Is dit ook so dat GOD gesê het: Julle mag nie eet van al die bome van die tuin nie? En die vrou [in stede daarvan om hom te bestraf en te verwerp] antwoord die slang: Van die vrugte van die bome in die tuin mag ons eet." GOD het egter betreffende die bome in die middel van die tuin gesê: "Julle mag daarvan nie eet nie en dit nie aanroer nie, anders sal julle sterwe." As GOD sê, "anders sal julle sterwe", sê HY nie dat die dood 'n kortstondige, oombliklike ding is nie. HY bedoel dat die dood 'n ewige dood van die siel van 'n man en 'n vrou is, 'n ewigheid in die vlamme van die Hel en 'n ewige dood is. Die feit van hierdie saak blyk duidelik uit verse dwarsdeur die Ou en Nuwe Testament.¹



Pastore Tony en Susan Alamo en 'n orkes op hulle internasionale televisieprogram.

Foto geneem in 1974

Die vrou tesame met die meeste van die wêreld se bevolking sou nooit kon droom dat wanneer jy Satan se argument aanvaar, jy 'n ewige droewigheid en 'n nimmereindigende Hel aanvaar wat die mees onuitstaanbare invloed denkbaar op beide die siel en die gees van sy slagoffer het nie. Die Hel sal die rook van sy slagoffer wat in die vlamme beland, vir ewig uitbraak (Openbaring 14:9-11). Dié wat Satan, sy eenwêreldregering en sy wêreldkerk (Katolieke) aanbid (na hom luister) gaan dieselfde lot tegemoet.² Satan het, subtiel soos wat hy is, in die gedaante van 'n slang vir Eva mislei en nou mislei hy die hele wêreld.³

In Openbaring 12:9 word Satan geïdentifiseer as die groot draak: "En die

groot draak is neergewerp [uit die Hemel], die ou slang wat genoem word die duiwel en Satan wat die hele wêreld verlei." Satan het geweet dat deur Eva te mislei, hy die hele wêreld tot 'n val sou bring.⁴ Eva was Satan se eerste evangelis; sy was die eerste sondebok. Ten einde Satan se sondebok te wees, mag jy nie in JESUS glo, of een van SY dissipels wees nie. Jy kan nie 'n gekruisigde lewe in CHRISTUS leef nie, jy moet vry wees om te doen wat jy wil. Jy kan nie van CHRISTUS getuig nie, jy moet HOM ontken, HY wat na die wêreld gekom het om sondaars te verlos.⁵

Toe Satan aan Eva gesê het dat sy nie sal sterf nie, maar soos GOD sal wees en dat sy aan haar man dieselfde vrugte moes gee om te eet, het Eva gedoen soos hy gesê het en haar man geëwangeliseer. Toe gaan albei se oë oop (Genesis 3:7). Hulle het geweet dat hulle sondaars was en dat hulle mislei is. Die heerskappy van die wêreld het nou aan Satan behoort eerder as aan hulle en niks behalwe geloof in CHRISTUS se toekomstige dood en opstanding kon hulle verhouding met GOD herstel nie.

GOD het oorspronklik vir Adam en Eva geseën bo alle ander skepsels. HY het aan hulle heerskappy oor die hele heelal,

(Vervolg op bladsy 2)

¹ Ps. 9:17, Jes. 5:11-15, 33:10-14, 66:24, Matt. 3:12, 5:29, 7:13, 8:11-12, 10:28, 13:38-42, 47-50, 18:6-9, 22:8-13, 25:31, 41-46, Mark. 9:42-48, Luk. 3:17, 16:19-26, 2 Thes. 1:7-9, 2 Pet. 2:1-9, Jud. 5-7, Op. 14:9-11, 19:20, 20:15, 21:8, 27 ² Op. 13:1-8, 14:8-11, 17:1-15, 18:1-8 ³ Gen. 3:1-6, Jes. 14:9-17, Matt. 24:11-12, 24, 2 Kor. 4:3-4, 11:13-15, 2 Thes. 2:3-12, 2 Tim. 3:13, Op. 13:1-8, 11-18, 16:13-14, 17:1-2, 8, 18:2-3, 23 17:8, 19:19-21, 20:1-3, 7-10 ⁴ Rom. 5:12-21, 1 Kor. 15:20-22 ⁵ Matt. 20:28, 26:28, Joh. 1:29, 3:14-17, 6:51, 10:11-18, 11:49-52, Hand. 5:30-31, 20:28, 26:23, Rom. 5:6-11, 1 Kor. 15:3-4, Gal. 1:3-4, 2:20, 4:4-5, Ef. 5:2, 1 Thes. 1:10, 5:9-10, 1 Tim. 2:5-6, Titus 2:13-14, Heb. 2:9-10

DRIE ONSUKSESVOLLE POGINGS OM GOD OMVER TE GOOI

(Vervolg vanaf bladsy 1)

insluitende elke lewende skepsel gegee. Genesis 1:28 vertel aan ons dat GOD aan hulle gesê het: “Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip.” Adam en Eva was in beheer van die hele wêreld en alles daarin. Toe Satan hulle mislei het, het die hele wêreld in sonde verval onder die heerskappy van die duiwel, daarom het GOD beplan om die wêreld te red deur na die aarde te kom as 'n mens.⁶ GOD het die Seun van die mens geword. GOD het HOMSELF ter wille van ons opgeoffer, SY lewe aan die kruis gegee, gevolg deur SY opstanding en SY hemelvaart.⁷

Johannes 3:16 lui: “Want so lief het GOD die wêreld gehad, dat HY SY enig gebore SEUN gegee het, sodat elkeen wat in HOM [nie in Satan of enigiemand anders nie] glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.” Om die ewige lewe te beërwe, is net moontlik as jy CHRISTUS wat GOD, die weg, die waarheid en die lewe is, toelaat in jou lewe (Johannes 14:6).⁸ Jy sal nie die ewige lewe beërwe deur bloot die sondaarsgebed te bid nie. Jy moet ook 'n dissipel word. Die HERE beveel aan ons om ons kruis op te neem en HOM te volg (Lukas 9:23-25).⁹ Ten einde die ewige lewe te beërwe, mag ons nooit neerdaal van die kruis af nie.¹⁰ M.a.w. ons mag nooit weer sondig nie.

Satan is 'n verslane vyand.¹¹ Dit het aanvanklik gelyk asof Satan vir ewig oorheersing oor die wêreld het. As ons egter vandag aan CHRISTUS gehoorsaam is en Satan, sy eenwêreldregering en sy satanistiese kerk se kultusse wat deur die Vatikaan gelei word, verwerp, sal die heerskappy aan ons behoort in CHRISTUS.¹²

Die mens se tweede poging om GOD en SY koninkryk in die

Hemel omver te gooi, het plaasgevind in Babilon. Dit het natuurlik misluk. Genesis 11:1-9 getuig daarvan dat “die hele aarde het dieselfde taal gehad en een en dieselfde woorde. En toe hulle wegtrek na die ooste, vind hulle 'n laagte in die land Sinear; en daar het hulle gaan woon. Daarop sê hulle vir mekaar: Kom laat ons stene vorm en dit goed brand. Hulle gebruik toe die bakstene vir bousteen en die lymgrond vir klei. En hulle sê: Kom laat ons vir ons 'n stad bou en 'n toring waarvan die spits tot aan die hemel reik; en laat ons vir ons 'n naam maak, sodat ons nie oor die hele aarde verstrooi raak nie. Toe daal die Here neer om die stad en die toring te sien waaraan die mensekinders gebou het.

“En die HERE sê: Daar is hulle nou een volk en het almal een taal! En dit is net die begin van hulle onderneming: nou sal niks vir hulle meer onmoontlik wees van wat hulle van plan is om te doen nie. Kom laat ONS neerdaal en hulle taal daar verwar, sodat die een die taal van die ander nie kan verstaan nie [net soos wat die Republikeine en die Demokrate mekaar vandag nie verstaan nie, sodat niks wat die moeite werd is, bereik word nie]. So het die HERE hulle dan daarvandaan oor die hele aarde verstrooi; en hulle het opgehou om die stad te bou. Daarom het hulle dit Babel genoem, want daar het die HERE die taal van die hele aarde verwar, en daarvandaan het die HERE hulle oor die hele aarde verstrooi.”

Satan se derde en finale poging om GOD en SY koninkryk te probeer omvergooi, vind op hierdie juiste moment plaas. Sommige mense sê verkeerdelik dat die VVV's wat hulle sien van ander planete af kom, maar dit is verkeerd. Hierdie VVV's is nie

van ander planete nie; dit kom van die Hemel af. Die rede hoekom ek dit weet, is omdat ek en Suzie by geleentheid op pad was na Las Vegas om te trou en ons was laataand op die hoofweg tussen Los Angeles en Las Vegas. Dit was donker en Suzie, wat bestuur het, het my hand gevat en vir my gesê: “Tony kom ons bid tot GOD en vra HOM om aan ons VVV's te wys, indien dit bestaan.” Dit is 'n feit dat wesens van ander planete nie ons gebed tot GOD kon hoor nie en dat hulle ook nie 'n gebed sou beantwoord wat ons tot GOD gerig het nie. Eskaders VVV's het onmiddellik direk op ons windskerms afgepyl. Hulle het so naby gekom dat ek gedink het hulle gaan met ons bots. GOD het onmiddellik ons gebed beantwoord. Toe GOD ons gebed oombliklik beantwoord het, is my geloof in GOD en SY beantwoording van gebede versterk.

Daar word verskeie kere in die Bybel van die wielagtige lugvaartuie melding gemaak.¹³ Hulle is GOD se koninklike lugmag van Engele wat die boosheid van hedendaagse wêreld ondersoek, net voordat GOD alle boosheid op aarde gaan vernietig met CHRISTUS se wederkoms. GOD stuur die Engele gedurende die laaste dae van verdrukking (en ons is in die verdrukking).

Die Engele doen verslag aan GOD, dan stuur GOD Engele van verwoesting om sekere beseerde dele op die aarde te vernietig.¹⁴ HY saai verwoesting deur peste (wat siektes is), hongersnood, vloede, aardbewings, tornado's en baie ander dinge.

'n Goeie deel van die aarde se bevolking glo dat die mens GOD sal uitoorlê. Hulle het die verlede vergeet, waar GOD hulle pogings verydel het. Satan het aan Eva gesê dat sy nie sou sterf nie, “maar soos gode sou wees.” Hy het egter gelieg. Ons weet dit, want beide Eva en haar man het gesterf. Boonop het Nimrod en die wêreldbevolking nooit

6 Joh. 1:4-13, 12:46, Rom. 5:6-21, Gal. 4:4-5, Heb. 2:14-18 7 Matt. 16:21, 20:17-19, 26:31-57, 28:1-10, 16-20, Mark. 10:32-34, Luk. 9:23, Joh. 10:7-18, Hand. 1:1-11, Gal. 2:20, Fil. 2:5-11, Heb. 12:1-3, 1 Joh. 3:16 8 Eseg. 36:27, Joh. 14:15-20, 23, 26, 15:3-7, 17:21-23, 26, Rom. 8:10-11, 12:1-2, 1 Kor. 3:9, 16-17, 2 Kor. 6:16-18, Gal. 2:20, Ef. 2:10-22, 3:16-21, Fil. 2:13, Kol. 1:27-29, 2 Tim. 1:14, 1 Joh. 3:24, 4:4, Op. 3:19-21 9 Matt. 16:24-26, Mark. 10:17-30, Luk. 9:59-62, 14:26-27, 33, Joh. 12:24-26, Rom. 8:1-14, 35-37, 12:1-2, 1 Kor. 9:26-27, 2 Kor. 5:9-21, 6:1-10, Gal. 5:16-17, 24, Fil. 3:7-9, Kol. 3:5-17, 2 Tim. 2:4, Titus 2:12, Heb. 11:8-26, 1 Pet. 4:1-2, Op. 12:10-11 10 Matt. 10:22, 24:13, Hand. 14:22, Rom. 11:22, Kol. 1:22-23, 1 Tim. 4:16, 2 Tim. 2:1-3, 3:13-17, 4:5, Jak. 2:17-26, 5:10-11, 1 Joh. 2:24-25 11 Jes. 14:9-20, Eseg. 28:11-19, Joh. 12:31, 2 Thes. 2:3-10, Heb. 2:14, 1 Joh. 2:13-14, 3:8, 4:4, Op. 1:18, 12:3-4, 9-12, 20:1-3, 7-10 12 2 Kor. 6:14-18, Op. 18:1-5 13 Ps. 68:17, Eseg. 1:1-24, 3:12-13, hfst. 10, 11:14-25, Dan. 7:7-9 14 Gen. 19:1-25, 2 Sam. 24:1-17, 2 Kon. 19:35, 2 Kron. 32:19-22, Ps. 78:49, Matt. 13:41-42, Hand. 12:23, 2 Thes. 1:7-9, Op. hfst. 8, 9:1-5, 13-15, 14:8-11, 15-20, 15:1, hfst. 16, 18:1-2, 19:17-21, 20:1-3, 21:9

die Toring van Babel voltooi of hulle stad in die hemel gebou nie. Dit het net nie gebeur nie.

Weereens, die grootste deel van die wêreldbevolking het biljoene dollars gespandeer en is meer as gewillig om nog triljoene te spandeer om die wêreldbevolking te verskuif na 'n ander planeet; 'n planeet wat volgens hulle al die eienskappe van die aarde het. Nie een van die planete het egter sodanige eienskappe nie. Die misleide wêreld wag met ingehoue asem vir die dwaasheid om te gebeur. Hulle het die valse leerstelling van die eenwêreldregering en die demoniese kerk, wat beide deur Satan gelei word en wat GOD gesê het die hele wêreld in die laaste dae sal mislei, geglo (Openbaring 12:9). GOD het gesê dat Satan se eenwêreldkerk, wat Satan se eenwêreldregering beheer, geleë sal wees in die stad van die sewe heuwels (dit is natuurlik Rome, die Vatikaan, die Verenigde Nasies).¹⁵ Indien jy nie weet dat die Vatikaan daardie stad is nie, hoef jy net na 'n reisagentskap te gaan en vir kaartjies na die stad van die sewe heuwels te vra. Hulle sal vir jou kaartjies na Rome, Italië gee. Dit is weereens die einste Rome wat op satanistiese wyse die VN, wat die eenwêreldregering is, beheer. Dit word ook die Nuwe Wêreldorde en die "Satan se troon" genoem (Openbaring 2:13). GOD SE WOORD sal binnekort deur die Engel met die sewe plae en al die ander Engele die aarde (en al die bese mense) verwoes.¹⁶

Openbaring 17:1-6, 8 lui: "En een van die sewe engele met die sewe skale [die skale is gevul met die laaste sewe plae wat deur die VVV's hierheen gebring is. Die VVV's is inderwaarheid IVV's, identifiseerbare vlieënde voorwerpe. Ons is in staat om IVV's te identifiseer deurdat ons GOD en SY WOORD ken. GOD is die WOORD

¹⁵ Dan. 2:40, 7:19-25, Op. 13:1-8, 14:8, hfste. 17, 18
¹⁶ Op. 8:7-12, 9:1-11, 15, 14:14-20, 16:2-4, 8-12, 17-21



ALAMO BEDIENTINGS AANLYN
www.alamoministries.com

(Johannes 1:1, Openbaring 19:13).] het gekom en met my gespreek [die Engel het met my gepraat, Johannes] en vir my gesê: Kom hierheen, ek sal jou toon die oordeel van die groot hoer [die Rooms-Katolieke Kerk, die Vatikaan] wat op die baie waters [al die volke oor die hele aarde] sit, met wie die konings van die aarde [al die regeringshoofde, sowel as die Vatikaanse regters en die Vatikaanse aanklaers] gehoereer [elke afskuwelike sonde en vervolging en aankla van onskuldiges (GOD se mense)] het, en die bewoners van die aarde het dronk geword van die wyn van haar hoerery [dit wat hulle politieke korrektheid noem (soos huwelike tussen dieselfde geslagte, homoseksualiteit), anti-Semitisme, die Antichris, bloeddorstigheid, moord, diefstal en alles anders wat teen GOD en SY WOORD ingaan].

"En hy het my [Johannes] in die GEES weggevoer na 'n woestyn [die wêreld], en ek het 'n vrou sien sit op 'n skarlakenrooi dier [die vrou is die Vatikaan, die eenwêreldregering en die skarlakenrooi dier is die VN wat 'n instrument in die Vatikaan se hand is, dit neem haar plek in sodat sy die mense en GOD se werk met haar kerkwette kan vernietig] [sy is] vol godslasterlike name [as 'n persoon wat demonies besete is, aanstoot neem oor die WOORD van GOD, maak die Vatikaan en die eenwêreldregering dit 'n oortreding om GOD se Naam in openbare skole, hofsale, politieke arenas, gedenkdae en ander strategiese plekke in die wêreld te noem. Omdat die meeste van die kerkstruktuur van die Rooms-Katolieke kerk homoseksueel is, het hulle 'n nuwe reël gemaak nl. dat om teen homoseksualiteit te wees,

(Vervolg op bladsy 4)

Kenia

Aan Alamo Ministries

Groete van ons in die Naam van Jesus, ons Here. Ek glo dat u goed doen in u bediening. Ek wil graag u bediening bedank dat u aan ons literatuur gestuur en vir ons gebid het. Dit is met dankbaarheid ontvang in ons kerk en gemeenskap. Baie mense het besluit om hulle lewens te verander en Jesus as Verlosser in hulle lewens te erken. Alamo-literatuur dra verseker die ware boodskap, want wanneer ons dit versprei, is daar baie mense wat hulle bekeer. Dit beteken dus dat dit 'n geestelike boodskap van die Here af oordra (dit is gesalf).

Broers, ons het dus besluit om die boodskap in al die dorpe en kerke te versprei, want soos u goed weet, in Afrika volg baie mense steeds die tradisionele kulture. Teen hierdie tyd is ons sowat 20 mense wat geroep en in staat is om met mense te kommunikeer en die materiaal met wysheid te versprei. Ons het dus die diens op goeie wyse gelewer en ons wag steeds vir dit wat u gestuur het.

Betreffende Pastoor Alamo,

ek glo dat ons pastoor uit die tronk vrygelaat sal word. Ons bid en vas as 'n span. Die Here sal ons nie versaak nie en die Bybel sê, soos in Psalm 34:18-19: "Hulle roep en die Here hoor, en Hy red hulle uit al hul benoudhede. Die Here is naby die wat gebroke is van hart, en Hy verlos die wat verslae is van gees." Die Stryd is nie ons s'n nie, maar God s'n. Lees ook Filippense 4:4-9.

Mag God u seën.

Die uwe

Pastoor Moses Kwemboi
 Endebess, Kenia



Pastoor Moses Kwemboi saam met 'n paar van sy gemeenteliede besig om Pastoor Alamo se sielsveranderende literatuur rondom Endebess, in Kenia te versprei.

DRIE ONSUKSESVOLLE POGINGS OM GOD OMVER TE GOOI

(Vervolg vanaf bladsy 3)

’n verskriklike sonde (’n haatmisdaad) is. Om so te kan redeneer moet jy die Merk van die Dier op jou voorkop hê (Openbaring 14:9-11). Hierdie is ’n baie bese saak van die geesteswêreld met sewe koppe en tien horings [Dit sê aan ons dat die eenwêreldregering bestaan uit baie regerings, saamgesnoer as een. Hulle dink almal dieselfde; hulle almal volg blindelings na wat Satan sê (Openbaring 17:12-15) Die duiwel beskou dit as patrioties wanneer jy alles navolg wat hy sê en as onpatrioties wanneer jy nie alles navolg wat hy sê nie].

“En die vrou was bekleed met purper en skarlaken [dit is die kleure van die Rooms-Katolieke kultus] en versierd met goud en kosbare stene en pêrels [al die geld wat deur die Interne Inkomstestelsel ingevorder word op onwettige wyse behoort aan die Vatikaan. Hulle het letterlik triljoene rande om te mors], en sy het in haar hand ’n goue beker gehad, vol gruwels en die onreinheid van haar hoerery [die Vatikaan wat weereens Satan se troon is, is vir elke sonde in hierdie wêreld en in die onderwêreld]; en op haar voorhoof was ’n naam geskrywe; VERBORGENHEID, DIE GROOT BABILON, DIE MOEDER VAN DIE HOERE EN VAN DIE GRUWELS VAN DIE AARDE [die frase “geskryf op haar voorhoof” staan, beteken eenvoudig haar verstand is deurdrenk deur alle satanistiese boosheid].

“En ek het die vrou gesien, dronk van die bloed van die heiliges [Satan se

Vatikaan is bekend daarvoor dat dit alle bloedvergieting op aarde veroorsaak,

insluitende aborsies, die massamoord op die Jode, die Spaanse Inkwisisie, sowel as elke oorlog wat ooit plaasgevind het] en van die bloed van die getuies van JESUS [die Engel van die HERE het dit aan Johannes vertel], en ek het my uitermate verwonder toe ek haar [die Vatikaan] sien.... en die bewoners van die aarde wie se name nie van die grondleggings van die wêreld af in die Boek van Die lewe geskryf is nie, sal hulle verwonder as hulle die dier sien wat was en nie is nie, alhoewel hy is.” “Die dier wat was”, was Rome voordat dit tot ’n val gekom het en vandag het Satan Rome laat herleef met sy satanistiese gees, waar die verdrukking proporsioneel toegeneem het.

Wanneer ek vertel van die vervolgings en aanklagte wat my kerk gedurende die afgelope vyftig jaar moes verduur, vertel ek dit nie om te kla of simpatie te soek nie, maar om aan almal in die breë te wys hoe maklik dit is om boosheid te verduur van die Rooms Katolieke Kultus, omdat God aan my ’n openbaring gegee het. Sonder ’n openbaring word die mense bandeloos (Spreuke 29:18). Ons moet ons verbly as ons vervolg word ter wille van JESUS. Dit sal boekdele neem net om jou van sommige van die vervolgings te vertel. GOD het aan my gesê dat ek geestelik ’n honderd miljoen keer

sterker moet wees as ’n reuse eikeboom wat omtrent 15 minute nadat ek aan die gemeente vertel het wat die HERE aan my gesê het, buite my kerk omgeval het.¹⁷ “Salig is julle wanneer die mense julle haat, en wanneer hulle julle verstoot en beledig en jul naam weggooi soos iets wat sleg is, ter wille van die Seun van die mens. Wees bly in daardie dag en spring op, want kyk, julle loon is groot in die hemel, want hulle vaders het net so aan die profete gedoen” (Lukas 6:22-23).

Ek getuig aan jou voor GOD en al die inwoners van die aarde, dat dit wat
(Vervolg op bladsy 8)

¹⁷ Lees *The Tree*, Vol. 6500, *The Most Powerful Position in the Whole Universe*, Vol. 19700

Indië

Geliefde Broer in Christus

Mag God u seën, asook die hele liggaam van Christus in u bediening. Dit is wonderlik om kennis te neem van die groot werk wat God deur u Evangeliese literatuur gedoen het.

Deur die genade van God en met die hulp van gemeentelike ondersteuning, het ons vandag ’n Evangeliese toer gelei in die dorpie, Dondapudi. Ons reis, (40km) was op die water in ’n boot en ses-en-dertig lede het deelgeneem. God het die grootste werk in die Hindoe-stamgebied deur u literatuur gedoen. Ons hoop dat dit baie meer verlore siele in daardie area sal red.

Ek wil foto’s van ons werk hier stuur.

Ons gebede gaan op vir Tony se gesondheid en spoedige vrylating.

U broer in Christus

Solman Raju Kola

Andhra Pradesh, Indië



Broer Solman Raju Kola en sy evangeliese span besig om Pastoor Alamo se literatuur in die landelike gebiede van Andhra Pradesh, Indië te versprei.



Getuienis van Scott Durning

Toe ek 11 of 12 jaar oud was, het ek aaklige ervarings vanuit die verkeerde kant van die geesteswêreld gehad. Ek kan dit nie herhaal nie, want dit is nie geestelik opbouend nie. Jare later toe ek na Los Angeles gekom het en begin het om LSD te neem, het ek vir 'n paar jaar kontak met die werklikheid verloor. Dit het soos 'n ewigheid gelyk. Ek het letterlik geglo dat ek dood is en het geleef tussen fases op verskillende bedwelminge met LSD.

Een dag het ek deur God se genade TV gekyk in iemand se woonstel. Ek het verveeld geraak en die TV afgeskakel. Ek het by 'n venster op die derde verdieping uitgekyk en 'n visioen van God ontvang. Ek het na myself gekyk waar ek omtrent 11 jaar oud is en op die voorste grasperk van 'n huis in Cleveland, Ohio staan (dis

waar ek vandaan kom). Ek het na myself in versnelde beweging gekyk (omtrent 10 sekondes) waar ek ouer word tot by my huidige ouderdom; waar ek staan op die voorste grasperk van die woonstelgebou langsaan. Voordat ek kon dink wat dit beteken, het God met my gepraat. God het gesê: "God het die son geskep; God het die maan geskep; God het die aarde geskep; God het die sterre geskep; God het die gras geskep; en God het die gras laat groei." Ek was geskok. Ek het die volgende hardop gesê: "Dis dieselfde son; dis dieselfde aarde; ek is steeds dieselfde. Ek het net ouer geword en mal geraak."

Dit het my op 'n tog gestuur waar ek in die aande die strate deurkruis het, terwyl ek met God gepraat het. Met die tyd het God my tweemaal buite weste laat

skrik, omdat ek steeds besig was om te sondig. Een dag het ek in desperaatheid na die Tony Alamo Christen-kerk in Hollywood, Kalifornië gegaan. Ek het nooit hulle dienste bygewoon nie, want dit was nie 'n "hoofstroomkerk" nie. Dit was ongeveer 11:30. Tony was daar. Tony het my gekonfronteer en gesê: "Jy behoort hier te bly." Toe het ek. Die volgende aand was pastore Tony en Susan Alamo by die dienste. Tony het sy volledige getuienis gelewer oor hoe God met hom gepraat het. Ek het nog nooit vantevore van die bloed van Jesus Christus as enigste vergewing van sondes gehoor nie. Ek het die Heilige Gees sterk aangevoel. Dertig mense, insluitende ekself, is daardie aand gered. Ek het die gebedskamer binnegegaan en is met die Heilige Gees gedoopt. Ek het geweet ek was by die huis. Dit was 11 Mei 1970.

Net meer as 'n jaar en 'n half later, het ek aan pastoor Tony Alamo 'n brief geskryf omdat ek probleme ervaar het. Omtrent 00:02 daardie nag het een van die broers aan my gesê dat Tony Alamo op die foon was en met my wou praat. Ek was by ons kerk in Saugus, Kalifornië. Ek het die foon opgetel en geantwoord: "Hallo, dit is Scott wat praat." Niemand het iets gesê nie. Ek het myself herhaal: "Hallo, dit is Scott." Toe het ek Tony Alamo se stem gehoor: "God het die son geskep; God het die maan geskep; God het die aarde geskep; God het die sterre geskep; God het die gras geskep; en God het die gras laat groei." Ek het die Heilige Gees soos 'n muur om my gevoel. Tony Alamo het my toe 45 minute lank gewaarsku. Ek het nooit vir iemand gesê dat God met my gepraat het nie, nog minder wat God gesê het.

Deur die jare is die Heilige Gees geïnkorporeer in al die evangeliese literatuur wat Tony Alamo geskryf het. So ook in al die boodskappe aan die kerke. Tony en Susan Alamo het letterlik "stede" in verskillende dele van die Verenigde State gebou, ten einde woongeriewe aan mense in die bediening te verskaf. Sy evangeliese traktaatjies is aan 200 verskillende lande gestuur, tesame met mense se gebedsversoeke. Ek dank God dat ek gered is en die voorreg mag geniet om in dié bediening te wees.

Mianmar

Geagte Tony Alamo

Hartlike groete uit Mianmar in ons opgestane Here en Redder Jesus Christus. Ek bid ernstig dat dit met u sal goed gaan.

Sedert 2002 is Rod en die personeel betrokke by kerkstigting, evangelisasie, mediese sorg, noodleniging, opvoedkundige gemeenskapsontwikkeling, kindersorg-/weeshuisprogramme, vervaardiging en verspreiding van literatuur onder gelowiges, sowel as ongelowiges in Mianmar. Ons doel is om die onbereikte groepe onder enige stamme in Mianmar te bereik en ongelowiges na Christus te lei deur literatuur, boeke en Bybels uit te deel en die Bybel te onderrig in persoonlike, klein groepe en konferensies en deur die vertaling van en druk van Christelike literatuur. Ons is verbind daartoe om dit 'n proaktiewe deel te maak van die poging om mense vir Christus te bereik en nuwe kerke te stig.

Ek is geseën en geïnspireer deur die lees van u skrywe, *The Messiah According to Bible Prophecy*. Sedertdien het ek 'n brandende begeerte om dit in Burmees, Hakha Chin, en Mizo (inheemse tale van Mianmar) te vertaal. Dit is omdat die boek magtig en lywig is en omdat ek vertrou dat dit strome seën tot gevolg sal hê vir my mense. In Mianmar is Christelike literatuur baie skaars en mense wat betrokke is by die verspreiding van die evangelie het die vertaling, druk en verspreiding gratis gedoen. Dit literatuur is baie effektief en vrugbaar. Slegs vier persent van die mense is gelowig en die grootste deel van die streek is in geestelike duisternis gehul. Dit is ons gebed om baie siele na die voete van Jesus te lei deur dit wat u geskryf het. Ek glo vas dat die dors van hulle siele daardeur gestil sal word. (Die Hakha-Chin en die Mizo is stamme wat in die westelike streek woon. Hulle praat dialekte van hulle eie en die meeste van die mense lees nie Burmees nie. As u van u materiaal vir ons biblioteek kan stuur, sal ons baie bly wees.

Ons wil u bediening op groot skaal uitbrei in Mianmar. Ons is gereed om saam met u vir Hom te werk en ons nooi u uit om u bediening na ons land uit te brei. As u die tyd het, nooi ons u graag uit om Mianmar te besoek vir Sy Koninkryk.

Ek sien uit daarna om van u te hoor. Mag God u seën.

In Sy diens

Dominee Bawi H. Thang, Direkteur

Rod and Staff Ministries

Jangon, Mianmar

Pous Franciskus is skuldig aan Kinderhandel, Verkragting en Moord.

Sondag 20 Julie 2014, 7:28

Deur Judy Byington



Gister is die verweerders, pous Franciskus Bergoglio, Katolieke Jesuïtiese hoofgeneraal, Adolfo Pachon, en die aartsbiskop van Canterbury, Justin Welby, skuldig bevind aan verkragting, marteling, moord en handel in kinders. Vyf regters van die Internasionale Gereghshof vir Gemeenregtelike Sake (IGGS) in Brussel het vasgestel dat die oortredings so onlangs soos 2010 plaasgevind het. Sedert Maart verlede jaar het meer as [48 ooggetuies](#) na vore gekom om voor die IGGS te getuig oor die verweerders se doen en late as lede van die Kinderofferande-kultus van die Negende Satanistiese Kring.

Die Kinderofferande-kultus van die Negende Satanistiese Kring het blykbaar kinders geoffer by Rooms-Katolieke katedrale in Montreal, New York, Rome, Skotland, Londen, Carnarvon Castle in Wallis, 'n ongeopenbaarde Franse chateau in Holland, asook by Kanadese Katolieke en Anglikaanse Indiaanse residensiële skole in Kamloops, Brits-Columbië en Brantford, Ontario, Kanada.

Die Kinderofferande-kultus van die Negende Satanistiese Kring het blykbaar boomryke woude wat in privaat besit is in die VSA, Kanada, Frankryk en Holland gebruik vir hul "mensejagpartytjies" vir hooggeplaastes van die wêreld wat lede van Europese koninklike families ingesluit het. Tieners is na wat verneem word gewerf deur die Mafia, en daarna kaal uitgetrek, verkrag, gejag en vermoor. Die hoofaanklaer het gesê: "Die Katolieke Kerk is die wêreld se grootste instelling en blyk kop in een mus te wees met die Mafia, regerings, polisie en howe dwarsoor die wêreld."

Twee adolessente vroue het aan die IGGS vertel dat Pous Franciskus hulle verkrag het, terwyl hy deelgeneem het aan offerandes van kinders. Agt ander ooggetuies het hulle aantygings dat hulle getuies was van verkragting en

kinderofferandes bevestig. Die Negende Satanistiese Kring het na bewering bymekaargekom in die Lente van 2009 en 2010 in landelike Holland en België.

Volgens 'n geseëde dokument wat uit die Vatikaan se argiewe verkry is, is daar na bevinding tekens dat Pous Francois skuldig is aan satanistiese kinderofferande-rituele, terwyl hy diens gedoen het as 'n Argentynse priester en biskop. 'n Tweede rekord gedateer 26 Desember 1967, naamlik die *Magisterial Privilege* het na bewering getoon hoedat daar van elke nuwe pous verwag is om aan die Negende Satanistiese Kring se rituele offerandes van pasgebore kinders deel te neem en hulle bloed te drink. Die dokumente is aan die IGGS voorgelê deur 'n prominente Vatikaanse amptenaar en 'n voormalige werknemer van die Vatikaanse kurie.

Verlede maand het 'n speurder van die Ierse staatspolisiediens voor vyf regters en 27 jurieleden getuig dat merke op die bene van omtrent 796 kinders wat aangetref is in 'n rioolput van Ierse Rooms-Katolieke nonne, aandui dat hulle in 'n ritueel doodgemaak is. Die getuie het verklaar dat forensiese kundiges bevestig het dat die onthoofding en die verwydering van ledemate van die babas in die massagraf ooreenstem met die tipiese tekens van rituele moorde of kinderofferandes.

'n [Dokumentêre program op die BBC](#) het 'n vyftig jaar oue skandaal van kindersmokkelary deur die Rooms-Katolieke Kerk in Spanje onthul. Meer as 300 000 babas is van hulle ouers gesteel tot en met die 1990's. Daar is aan ma's gesê dat hulle babas dood is en in massagrafte begrawe is. Die Katolieke Kerk het na bewering \$20 miljard uit die aannemings gemaak.

Nog 'n getuie het verklaar dat hy teenwoordig was tydens Pous Franciskus se vergaderings met die militêre faksie gedurende Argentinië se Vuil Oorlog in die 1970's. Volgens die getuie het Pous Franciskus gehelp om 30 000 kinders van vermiste politieke gevangenes na 'n internasionale kindersmokkelarykring te smokkel, wat gedryf is deur die kantoor by die Vatikaan.

Die [Spesiale ABC Nuusprogram](#) het daarop gesinspeel dat die duiwel woonagtig is in die Vatikaan. "Dokumente uit die Vatikaan se geheime argiewe wat aan die hof voorgelê is, toon duidelik dat die Jesuïete vir eeue 'n vooraf-uitgewerkte plan gehad het om ontvoerde pasgebore babas in rituele te vermoor en hulle bloed te drink" het die IGGS se hoofaanklaer aan vyf internasionale regters en 27 jurieleden gesê. "Die plan is gebore uit 'n verdraaide idee om geestelike krag te put uit die lewensbloed van onskuldiges en so politieke stabiliteit van die pousdom in Rome te verseker. Die optrede is nie net

menseslagting nie, maar ook sistemies en geïnstitutionaliseer van aard. Dit blyk dat dit sedert ten minste 1773 uitgevoer is deur die Rooms-Katolieke Kerk, Jesuïete en elke pous.”

’n Voortdurende en staande ondersoek is van stapel gestuur om ander wat betrokke is by moontlike misdade wat deur die IGGs blootgelê is, te ondersoek en aan te kla. Die Staande Kommissie van Ondersoek na Kindersmokkalery en Rituele Offerandes is geskeduleer om op 1 September 2014 met hul ondersoek te begin. Daar word verwag dat verdere regsprosedures gaan volg.

Die 48 ooggetuies het die skuldiges geïdentifiseer as Katolieke pouse Franciskus Bergoglio, Johannes Paulus II en Josef Ratzinger; die Anglikaanse Verenigde Kerk van Kanada en amptenare van die Katolieke Kerk, insluitende kardinale en die Katolieke Jesuïtiese hoofgeneraal Adolfo Pachon; Koningin Elizabeth en Prins Phillip van die Verenigde Koninkryk, die Anglikaanse aartsbiskop van Canterbury, Justin Welby en Regter Fulford van die hooggeregshof; in die Nederlande: Hollandse en Belgiese kardinale en koninklikes insluitende die Hollandse kroonprins, Alfrink Bernhard, Koning Hendrik, gade van Koningin Wilhelmina van Holland, Koningin Beatrix, haar pa en onderkoning, prins Johan Friso en sy vrou, Mabel Wisse Smit, voormalige ministers, die hoof van die Hollandse weermag, die adjunk-sekretaris van die Raad van die State; amptenare van die Kanadese, Australiese, VK- en VSA-weermagte en -regerings insluitende die [VSA se CIA](#), sowel as prominente ministers van die regering, regters, politici en sakemanne van die VSA, België, Holland, Kanada, Australië, Frankryk, Ierland en die VK.

Lasbriewe vir inhegtenisname namens die Mense teen Bergoglio en andere is uitgereik op 19 Julie 2014. Hofrekords sal vir eers geslote bly volgens gister se persverklaring van die ITCCS (Internasionale Tribunaal vir Misdade van Kerk en Staat). Die eerste IGGs-hofsitting het 50 000 vermiste Kanadese kinders van inheemse herkoms geïdentifiseer. Die hof het afgesluit met skuldigbevindings van 40 hooggeplaastes van regoor die wêreld, waaronder Koningin Elizabeth.

Die 50 000 kinders van inheemse herkoms het vermis geraak by daardie Kanadese residensiële skole wat hoofsaaklik in Katolieke besit is. Meer as 34 terreine met massagrafte is geïdentifiseer by sommige van die 80 inheemse residensiële skole dwarsoor Kanada. Sedert 2008 het Koningin Elizabeth en die Kanadese Regering voortdurend die ITCCS se versoeke vir opgrawings geweier.

Malawi

Geagte Pastoor Alamo

Dankie dat u aan ons die opdatering stuur oor wat die Rooms-Katolieke kerk oor die algemeen doen. Ek wil graag die geleentheid gebruik om aan u te vertel dat die meeste van ons lede wat by ons aangesluit het, van Rooms-Katolieke afkoms is. Hulle het dit gedoen nadat hulle u literatuur gelees het. Hou asseblief aan om die wêreld bewus te maak van die realiteit.

Innocent Mtambo

Chitipa, Malawi

Die moontlike rede is nie ’n verrassing nie. Koningin Elizabeth en Prins Phillip is skuldig bevind aan die verdwyning van 10 kinders van inheemse herkoms van die Kamloops residensiële skool in Brits-Colombië op 10 Oktober 1964. Ouers het sedertdien nog nie weer hulle kinders gesien nie. Die regsgeding blyk ook die rede te wees vir Pous Ratzinger se bedanking. Getuienis van daardie sake kan gevind word in Kevin Annett se [Hidden No Longer](#).

Die [UGGS](#) het meer as 450 Gemeenereg-vredesbeamptes in 13 lande en sowat 51 gestigte groepe wat plaaslik funksioneer. Finansiering kan gereël word vir gemeenereg-groepe wat daarvoor wil aansoek doen. Om die [ITCCS](#), die IGGs in Brussel of sy plaaslike takke te kontak of om vrywillige diens te lewer, e-pos of skakel: itccscentral@gmail.com, hiddenfromhistory1@gmail.com, 386-323-5774 (VSA) of 250-591-4573 (Kanada).

Oor die Skrywer

Judy Byington, ’n gelisensieerde kliniese maatskaplike werker met ’n meestersgraad in maatskaplike werk en die afgetrede skrywer van *Twenty Two Faces: Inside the extraordinary life of Jenny Hill and Her Twenty Two Multiple Personalities*, (www.22faces.com) is ’n afgetrede terapeut, openbare spreker, aktivis en ondersoekende joernalis wie se artikels oor internasionale kinderhandelnetwerke aangehaal is op honderde blogs en webwerwe. Die voormalige toesighouer van die Alberta Geestesgesondheidsdepartement en direkteur van die Provo Gesinsberadingsentrum is die HUB van die Kindermishandelingsherstel- en Sprekersburo (www.ChildAbuseRecovery.com). Indien jy enige nuuswenke het oor kindermishandelingsake, stuur vir Judy ’n e-pos na info@22faces.com. Jy word genooi om ons petisie aan die Amerikaanse Kongres vir ’n ondersoek na die CIA se gedagtebeheer van kinders te onderteken deur hier te klik: <http://www.change.org/petitions/us-congress-survivors-request-investigation-cia-mind-control-of-children>

Ivoorkus

(Vertaal uit Frans)

Hallo geagte Pastoor Alamo

Ek is pastoor Goma, Gba Lévi. In die Ivoorkus het ons die deur van die Koninkryk van die Hemel vir ’n hele paar gesinne gesluit onder die voorwendsel dat veelwywers nie die Koninkryk van die Hemel sal binnegaan nie.

Nadat ek u publikasie oor poligamie gelees het en die vergelyking wat met die Bybel getref is, skaar ek my nou aan u kant. Ek maak nou die deur groot oop. Mag die God van alle genade ons vergewe.

Ek vra ook ’n sekere publikasie oor die onderwerp aan, asook *Mary’s Other Children*. Ek wil graag tien kopieë van die boek *The Messiah* hê vir die ander predikers wat ek onderrig.

Broedergeroete

Patoor Lévi

Abidjan, Ivoorkus

DRIE ONSUKSESVOLLE POGINGS OM GOD OMVER TE GOOI

(Vervolg vanaf bladsy 4)

mense VVV's noem, nie van ander planete af kom nie, maar Engele van die hemel is. Ek sal my siel hiervoor verkoop. Diegene wat iets anders verkondig, is misleide volgelinge van Satan, dieselfde as Eva, die mense van Babilon en die VN en hulle sal jou saam met hulle Hel toe vat. Die mensdom kan nie en sal nie GOD se plek inneem nie. Die mensdom het in die verlede misluk en sal altyd misluk.

JESUS CHRISTUS is die WOORD VAN GOD. Glo in die WOORD VAN GOD (JESUS CHRISTUS) en jy sal gered word (Handelinge 16:31). Om CHRISTUS, DIE WOORD VAN GOD te aanvaar, bid die volgende gebed:

My HERE en my GOD, wees my, sondaar, genadig.¹⁸ Ek glo dat JESUS CHRISTUS die SEUN van die lewende GOD is.¹⁹ Ek glo dat HY dood is aan die kruis en SY kosbare bloed uitgestort het vir die vergifnis van al my vorige sondes.²⁰ Ek glo dat GOD JESUS uit die dode opgewek het deur die krag van die HEILIGE GEES,²¹ en dat HY op

hierdie oomblik aan die regterhand van GOD sit en luister

na my belydenis van sonde en hierdie gebed.²² Ek maak die deur van my hart oop en ek nooi U in my hart in, HERE JESUS.²³ Was al my vuil sondes weg in die kosbare bloed wat U in my plek gestort het aan die kruis by Golgota.²⁴ U sal my nie wegwys nie, HERE JESUS; U sal my sondes vergeef en my siel red. Ek weet, want U WOORD, die Bybel, sê so.²⁵ U Woord sê dat U niemand sal wegwys nie en ek weet - dit sluit my in.²⁶ Daarom weet ek dat U my gehoor het en ek weet dat U my geantwoord het en ek weet dat ek gered is.²⁷ Ek dank U, HERE JESUS, dat U my siel red en ek sal my dankbaarheid toon deur te doen soos U beveel en nie meer te sondig nie.²⁸

Na redding, het Jesus gesê, moet ons gedoop word, ten volle onderdompel in water in die Naam van die VADER en die SEUN en die HEILIGE GEES.²⁹ Bestudeer die King James Bybel deeglik en voer die opdragte uit.³⁰

Die Here wil hê dat jy almal van jou redding vertel. Jy kan h'n verspreider word van pastoor Tony Alamo se evangeliese literatuur. Ons sal die literatuur kostevry

aan jou stuur. Skakel of e-pos ons vir meer inligting. Deel die boodskap met iemand anders.

As jy wil hê die wêreld moet gered word, soos wat JESUS beveel, moet dan nie vir GOD beroof van SY tiendes en offerhandes nie. GOD het gesê: "Sal h'n mens werklik vir GOD beroof? Tog beroof julle MY. Julle vra: 'Waarvan beroof ons U?' Van tiendes en offergawes. Daar rus alreeds h'n vloek op julle en tog bly julle MY beroof; die hele nasie [en die hele wêreld] doen dit. Bring die volle tiende [h'n tiende is 10% van jou bruto inkomste] na die voorraadkamer toe sodat daar iets te ete kan wees [geestelike kos] in MY huis [siele gered kan word], en toets MY hierin, so sê die HERE, DIE ALMAGTIGE. Toets MY of EK nie die vensters van die hemel vir julle sal oopmaak en vir julle seëninge sal uitgiet, meer as wat julle kan gebruik nie. EK sal die sprinkane keer sodat hulle nie die opbrengs van julle grond sal verwoes nie, en dat julle wingerde nie sonder vrugte sal wees nie, so sê die HERE, DIE ALMAGTIGE. Dan sal al die nasies julle as gelukkige mense beskou; julle sal in h'n begeerlike land woon, so sê die HERE VAN DIE LEËRSKARE" (Mal.3:8-12).

18 Ps. 51:5, Rom. 3:10-12, 23 19 Matt. 26:63-64, 27:54, Luk. 1:30-33, Joh. 9:35-37, Rom. 1:3-4 20 Hand. 4:12, 20:28, Rom. 3:25, 1 Joh. 1:7, Op. 5:9 21 Ps. 16:9-10, Matt. 28:5-7, Mark. 16:9, 12, 14, Joh. 2:19, 21, 10:17-18, 11:25, Hand. 2:24, 3:15, Rom. 8:11, 1 Kor. 15:3-7 22 Luk. 22:69, Hand. 2:25-36, Heb. 10:12-13 23 1 Kor. 3:16, Op. 3:20 24 Ef. 2:13-22, Heb. 9:22, 13:12, 20-21, 1 Joh. 1:7, Op. 1:5, 7:14 25 Matt. 26:28, Hand. 2:21, 4:12, Ef. 1:7, Kol. 1:14 26 Matt. 21:22, Joh. 6:35, 37-40, Rom. 10:13 27 Heb. 11:6 28 Joh. 5:14, 8:11, Rom. 6:4, 1 Kor. 15:10, Op. 7:14, 22:14 29 Matt. 28:18-20, Joh. 3:5, Hand. 2:38, 19:3-5 30 Deut. 4:29, 13:4, 26:16, Jos. 1:8, 22:5, 2 Tim. 2:15, 3:14-17, Jak. 1:22-25, Op. 3:18

Kontak ons asseblief vir inligting of literatuur oor ander onderwerpe wat interessant mag wees.

Tony Alamo, World Pastor, Tony Alamo Christian Ministries Worldwide • P.O. Box 2984, Hollywood, CA 90078

24 uur gebeds- en inligtingslyn: (661) 252-5686 • Faks. (661) 252-4362

www.alamoministries.com • info@alamoministries.com

Tony Alamo Christian Ministries Worldwide verskaf woonplek met alle lewensnoodsaaklikhede aan almal wat werklik die Here wil dien met hul hele hart, siel, verstand en krag, in ons VSA-gebiede.

Dienste word elke Dinsdagaand om 20:00 in die stad, New York, en ander plekke gehou.

Skakel asseblief (908) 937 5723 vir inligting. ETES WORD BEDIEN NA ELKE DIENS.

Vra vir Pastoor Alamo se boek, *The Messiah*, wat aandui hoedat CHRISTUS in die Ou Testament geopenbaar word deur 333 profesieë.

Word h' werker in die oes van siele deur h' verspreider van Pastoor Alamo se literatuur te word.

Al ons literatuur en oudioboodsappe is gratis, en sluit versending in.

As enigiemand poog om jou daarvoor te laat betaal, maak asseblief h' kollekteeroproep na (661) 252 5686.

HIERDIE LITERATUUR VERKONDIG DIE WARE PLAN VAN VERLOSSING (Hand. 4:12).

MOET DIT NIE WEGGOOI NIE, GEE DIT VIR IEMAND ANDERS.

Indien u in 'n ander land woon, moedig ons u aan om die literatuur in u moedertaal te vertaal.

As u dit herdruk, sluit asseblief die kopiereg en registrasie in:

© Kopiereg Augustus 2014 Alle regte voorbehou World Pastor Tony Alamo © Geregistreer Augustus 2014

Afrikaans—Volume 20100—Three Unsuccessful Attempts to Overthrow God